# 'n Hervormde tradisie as heelmiddel[1]

**J A Loader**
**Universiteit van Suid-Afrika**

## 1. INLEIDING

In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is die *odium theologicum* geen vreemdeling nie. Daar is verskeie illustrasies van moontlik. Een verskyningsvorm daarvan is die heftige polemiese trant van talle publikasies van S P Engelbrecht[2], J G M Dreyer[3] en andere. Dit staan in 'n ou Transvaalse tradisie, soos onder andere gesien kan word in die laat-negentiende-eeuse styl van M J Goddefroy[4]. Waar hierdie emosionele polemieke na buite plaasgevind het en telkens teen anti-Hervormers vir die Hervormde Kerk in die bres getree het, het daar nou 'n binne-kerklike twis losgebreek. Ook dit is nie by ons onbekend nie. Ons hoef maar net te dink aan die bitterhede van die Geyser-sage gedurende die sestigerjare en van die Artikel III-debat in die jare sewentig en tagtig. Die twis wat egter gedurende die negentigerjare in Hervormde geledere gegroei het, laat die vroeëre twiste klein lyk. Anders as in die afgelope drie dekades is dit nie meer enkelinge of 'n handjievol kritici wat redelik maklik geïsoleer kan word nie. Nou staan hele slagordes met wapperende vaandels in die kerk teenoor mekaar. Ná die vergadering ter lewering van 'n 'Eietydse Getuienis' op 4 November 1995 en die verskyning van *Die Hervormer* van die halfjaar wat op die Vier-en-sestigste Algemene Kerkvergadering gevolg het[5], sou dit 'n oop deur intrap om hiervoor dokumentêre bewys aan te voer. Daar word soms eufemisties na die meningsverskille wat in die laaste helfte van 1995 kookpunt bereik het, verwys as 'n 'debat'. As 'n waardige debat werklik ontwikkel, kan dit die Hervormde Kerk en die beoefening van die teologie ten goede kom. In hierdie artikel beoog ek nie om aan die geveg deel te neem nie, maar wel om konstruktief by te dra tot wat 'n debat kan word.

---

1. Voordrag gelewer voor die jaarkongres van die Hervormde Teologiese Vereniging op 18 Junie 1996.
2. Byvoorbeeld: 'Verbeel u, leser, as die offisiële notule met 'n subjektiewe vooropgesette mening in stryd is, om dan maar te sê die notule is vervals!!! .... Wat 'n soort van geskiedskrywing tog!' (Engelbrecht 1957:20). 'Teen my is dr Scholtz net so persoonlik, net so bitter, net so beledigend. Ja, nog meer as teen die ander, want ek is in sy oë die groot sondebok, ek het hierdie in sy oë verkeerde historiese beskouing die wêreld ingestuur en nou praat die ander my na' (Engelbrecht 1958:96). 'Cachet was baie brutaal van aard en as hy 'n doel voor oë had dan het niks hom gestuit nie' (Engelbrecht 1953:207).
3. 'As 'n mens ander nie ook 'n plekkie gun nie en jy staan by die groot meerderheid, dan is die gevolg van hierdie houding dat jy ongeduldig, onvriendelik en smalend word as jy teengepraat word. Dit vind ons by Dr Pretorius' (Dreyer 1953:2).
4. Byvoorbeeld: 'Toon en inhoud van het bitter, hatelijk en persoonlijk geschrijf des heeren Bosman, gaven mij dan ook het volste recht om daarop ganschelijk niet te antwoorden' (Goddefroy 1890:v).
5. Mens sou ook Die Hervormer van die sestigerjare kon vergelyk, waarin gereeld soortgelyke polemieke verskyn het, al was die magsverhoudinge tussen die strydende partye van totaal ander proporsies.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2. DIE OORSPRONG VAN DIE ONRUS

Onrus het 'n oorsprong. In 'n tyd van enorme en snelle verandering is onrus te verwagte — veral by mense wat die veranderinge geantisipeer en weerstaan het, maar niks kan doen om dit te keer nie. Omdat die resente geskiedenis van Suid-Afrika so 'n teelakker teweeggebring het, is dit nie verbasend dat 'n venynige sekelbosveld ontstaan het nie. *Dichrostachys cinerea africana* groei amelee op versteurde grond. Dit is egter ook moontlik om meer spesifiek te wees.

Gedurende die afgelope drie dekades het die teologie in die Hervormde Kerk veelal monolities ontwikkel. Onder die impak van die isolasie wat deur die verdediging van Artikel III van die Kerkwet meegebring is, het die groepsdinamiek van aangevogtenheid die Hervormde Kerk sy geledere laat sluit. Daar was 'n sterk eendragtigheid wat ons onsself laat sien het as knegte van die Allerhoogste teen die hele wêreld vry. Verskille van mening is in so 'n kragveld nie welkom nie en die groep neig om monoperspektiwisties te word. Meningsverskil word net in *adiaphora* toegelaat. Die resultaat is die dominansie van één perspektief, ook oor ander sake as die gewraakte vaandel van identiteit. So het Artikel III, ten spyte daarvan dat dit as 'middelmatige' saak of blote 'beleid' voorgestel is, 'n sterk invloed gehad op die wyse waarop die teologie oor die algemeen beoefen is omdat die hegemonie van een groep met 'n eie kyk op sake daaromheen bevorder is.

Daardie hegemonie het nou tot 'n einde gekom. Dit het reeds voor 1995 begin blyk, maar is by die 64e Algemene Kerkvergadering duidelik gemanifesteer[6]. Die Hervormde Kerk word nie meer oorheers deur een groep met een perspektief nie. Dit is iets goeds en mag die silwer randjie van die huidige onruswolk heet. Vanselfsprekend kan mens verwag dat so 'n situasie die ontstaan van teologiese verskille sal bevorder. Dit is alreeds so vanweë die deurbreking van die eensoortigheid van monolitiese denke *per se* en hoef nie noodwendig te beteken dat een groep poog om die ou hegemonie te herstel terwyl die ander dit wil voorkom nie. Is daar egter wel so 'n hunkering, kan verwag word dat die teologiese verskille ook die draagmiddel sal wees van meer as teologie.

6. My basiese inskatting van die situasie word bevestig deur uitsprake van betrokkenes in die notules van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering; vgl bv paragraaf 3 van die opmerkings van prof H G van der Westhuizen oor sy belewenis van die Algemene Kerkvergadering, Notule, 18 Oktober 1995:20. Hy was 'nie-sprekend teenwoordig' en 'het een keer gepraat op die vergadering' (terwyl hy vroeër dikwels gepraat het); hy 'het die aanvoeling gekry die mense wil my nie hoor nie' (wat impliseer dat hy vroeër jare anders ontvang is); sy 'aanvoeling is bevestig by alle verkiesings wat daarna gekom het later op die vergadering' (waar hy telkens uitgeval het nadat hy vroeër jare tot invloedryke posisies verkies is). Tydens dieselfde vergadering het hy en geesgenote 'simptome van 'n siekte' waargeneem en opgetree 'om daardie siekte te genees, om ons Kerk te genees' (par 4; verwysende na belydenis en teologie).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit sou selfs verbasend wees as 'n debat in die konteks van 'n restourasiebegeerte slegs oor 'suiwer' teologiese verskille gaan[7].

Die oorsake, inbedding en assosiasies van die onrus is belangrik en verdien noukeurige aandag. My oogmerk met hierdie artikel is egter iets anders. Eerder as om te fokus op wat moontlik met die onrus gepaard kan gaan of op wat daaraan 'n addisionele aktualiteit kan gee of op wat met die opkoms daarvan geassosieer kan word, sal ons die onrus oor die belydenis en die beoefening van die teologie in die Hervormde Kerk as 'n gegewene aanvaar en dáárop fokus. Dit gaan vir my primêr om belydenis, teologie en die diskussie van die *pointes brûlantes* op dié terrein.

## 3. ONRUS OOR DIE WAARHEID

Wanneer 'n dokument sê, 'Ons is oortuig dat daar afwykende tendense in ons Kerk is, wat na die eis van God se Woord reggestel moet word' (EG, Aanhef, paragraaf 2), is dit 'n aanspraak wat veronderstel dat die waarheid in die Hervormde Kerk geweld aan gedoen word. Aan hierdie opvatting word uiting gegee in positiewe sowel as negatiewe stellings (EG, Artikel 3).
Positief:

> Dié belydenis is betroubaar in die belydenisskrifte van die Kerk verwoord, wat ons soos ons Kerk en saam met die kerk van alle eeue aanvaar as die omskrywing van die inhoud van die evangelie van Jesus Christus[8].

7. Vergelyk 'n Eietydse Getuienis (EG) 1995:2-3, waar ontsteltenis uitgespreek word (Artikel 4) oor die beweerde 'onvermoë' van die Hervormde Kerk om sy getuienistaak teenoor die owerheid uit te voer ('teologie') en kritiek uitgeoefen word op die 'versuim van die owerhede om hulle plig te doen om wet en orde te handhaaf' ('n politieke oordeel, of dit korrek is of nie). Daar is ook 'n duidelike politieke moment in die kritiek op die regering se onderwysbeleid (Artikel 5) en in die verwerping van 'die ideologie dat ras-, volk- en kultuurgemengde gemeentes in ons landsituasie binne die Kerk afdwingbaar moet wees' (Artikel 6), terwyl die teologiese moment verteenwoordig word deur die evaluering van die beleid as 'Godlose onderwys'. Ook die opmerking van prof H G van der Westhuizen teenoor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan vergelyk word: 'Dit is waar, die saak van Artikel III vaar hier saam met die saak van die belydenis'. Dit ten spyte van sy ontkenning dat Artikel III met politiek te doen het ('Maar dit is nie al nie. Maar hierdie saak van die politiek vaar nie hiermee saam nie. Want Artikel III het nie politiek in nie' (Notule, 18 Oktober 1995:22, par 6).

8. Die historiese probleem dat die reformatoriese belydenisskrifte van die Kerk (nie die ekumeniese simbole nie) as die belydenis van 'die kerk van alle eeue' bestempel word en dat 'n groot deel van wat (selfs op konserwatiewe grondslag) die ware kerk van Christus heet, nie saam met ons dié belydenis aanvaar nie, hoef ons nie hier op te hou nie. Vgl egter Goddefroy 1890:16-17, wat sy teenstander, H S Bosman, oor 'n soortgelyke stelling bykom: Bosman se woorde (in sy gewraakte brosjure 'De leerkwestie', p 10), 'ik versta de H Schrift in den zin waarin de gezuiverde Kerk aller eeuwen die verstond', word genadeloos deur Goddefroy gekapittel omdat 'uitstekende mannen' soos Hieronymus en Luther dit nie met Bosman eens sou wees nie en dus uit die kerk van alle eeue uitgesluit moet wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Negatief:

> Ons is besorg en bedroef oor die verdraagsaamheid ten opsigte van uitsprake dat: *die belydenisskrifte nie ewig-geldende waarhede verwoord nie ....*

In die verdediging van hierdie dokument voor die Predikantevergadering van 18 Januarie 1996 reageer dr J H Breytenbach (Bylae H, Agenda Raad vir Kerk en Teologie, 15 Februarie 1996) op 'n artikel van prof T F J Dreyer (*Die Hervormer* 88/15 van 1 November 1995) waarin die waarheidsvraag prominent ter sprake kom. Dr Breytenbach verdedig die gebruik van die uitdrukking 'ewig-geldende waarhede' wat volgens die Eietydse Getuienis in die belydenisskrifte 'verwoord' word. Vir hom is dit 'tog iets heeltemal anders as om te sê dat die belydenisskrifte waarhede ewig-geldend bewoord' (Bylae H, bl 11)[9]. Prof Dreyer vervat egter: 'Saam met die Kerk van alle eeue wil ons die waarhede van ons geloof vashou'. Hy waarsku dat allerlei 'wetenskaplike uitsprake dat die feit van die opstanding en die maagdelike geboorte nie histories-krities bewys kan word nie' ... die Kerk nie moet 'verlei om ou formulerings tot ewiggeldende waarhede te wil verhef nie'. Alleen as dit 'om meer gaan as 'n interpretasie van die waarhede wat die belydenis verwoord ... moet daar volgens die voorgeskrewe kerklike weg ter wille van die Waarheid' opgetree word (*Die Hervormer* 88/16 van 15 November 1995). Sy opmerkings by die gesprek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met segsmanne vir die Eietydse Getuienis van 18 Oktober 1995 (Bylae D, Agenda Raad vir Kerk en Teologie, bl 10-12) het dieselfde strekking. So ook dié van prof A D Pont wat dit daarteen het dat 'die waarheid op losse skroewe te staan kom' en sy geesgenote se beswaardheid oor die betwyfeling van die 'waarheid van die Woord' wat in die Hervormde Kerk posgevat het, tot uitdrukking bring (Bylae D, 5-6).

Uit hierdie aanhalings is dit duidelik dat dit in die onrus wat oor die Kerk toegesak het, oor die waarheidsvraag gaan. Wanneer mense ander mense daarvan beskuldig dat hulle die belydenis aanval, gee dit blyke van 'n persepsie dat die *waarheid* van die belydenis aangeval word. Volgens sommiges (vgl die betoog van dr Breytenbach waarna hierbo verwys is) beteken dit dat die absolute waarheid aangeval word, want die

9. Die logiese problematiek van waarin die materiële verskil tussen dié uitdrukkings dan lê as bepaalde bewoordings van ewiggeldende waarhede dié waarhede nie ewiggeldend bewoord nie maar tog as ewiggeldend kenbaar maak, kan vir ons huidige doel daargelaat word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

belydenis bevat ewiggeldende oftewel absolute waarhede. Volgens andere (vgl die betoog van prof Dreyer) is daar wel waarhede wat vir 'die Kerk van alle eeue' geld (15 November 1995), maar wat op die een of ander manier tog nie 'ewiggeldende waarhede' is nie (1 November[10] en 15 November 1995[11]). Al verskil die broeders heftig van mekaar, is hulle dit nie alleen daaroor eens dat dit hier oor die waarheidsvraag gaan nie, maar hulle deel ook 'n identiese waarheidsopvatting. Daaraan sal ons vervolgens aandag gee.

## 4. 'N PROPOSISIONELE WAARHEIDSBESKOUING

Hier word met 'n proposisionele waarheidsbegrip gewerk. Waarheid is in begrippe en formulerings omskryfbaar. Wat 'waar' is, is formulerings. Dus is die waarheid in sulke proposisies te vinde. Omdat daar nie aan ander moontlikhede aandag gegee word nie, is die enigste visie op waarheid dat dit in proposisies te vinde is. Dit is altyd die geval wanneer na 'ewige waarhede' in die meervoud verwys word. Niks is egter ewig nie behalwe God. Daarom kan die ewige waarheid net God self wees.

As ons die uitsprake uit die kring van wat hierbo aangehaal is, vergelyk met 'n aantal uitsprake uit die sogenaamde modernistestryd wat gedurende die negentiende eeu in die Nederlandse Hervormde Kerk gewoed het, merk ons dat die situasie wat nou in die Hervormde Kerk alhier ontstaan het, heelwat raakpunte het met wat destyds daar gegeld het.

In sy *opus magnum*, *De leer der Hervormde Kerk*, betoog die modernis *par excellence*, J H Scholten, hieroor wanneer hy polemiseer teen die 'supranaturaliste' wat die getuienis van die Heilige Gees beskou as iets wat téénoor die natuurlike begripsvermoë van die mens staan. Sy kritiek op die ortodokse siening klink nie verniet self soos dié van 'n tipies ortodokse uitspraak nie; hy het dit daarteen dat die werking van die Heilige Gees voorgestel word as 'meer eene werking, die *nevens*, dan eene, die *door* het Woord geschiedde' (Scholten 1861:202 vv). Waarheid moet beredeneer kan word, en, as mens nie kan aandui dat die geloof op objektiewe 'goede gronden' berus nie, 'blijft alles onzeker en kan het voorwerp van ons geloof even zoo goed een voortbrengsel zijn eener ontstelde verbeelding als waarheid' (Scholten 1861:208). Dit is 'n klassieke proposisionele waarheidsbeskouing en identies aan die ortodokse.

10. Met instemming sê prof Dreyer: 'Die Hervormde Kerk het ... hom afgegrens teen 'n opvatting dat die belydenisskrifte ewiggeldende waarhede bevat'. Verder: 'Elke menslike formulering van die waarheid aangaande God is betreklik en onvolmaak'.

11. Die Kerk moenie verlei word 'om ou formulerings tot ewiggeldende waarhede te verhef nie'.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die groot mededinger van Scholten in die modernistiese rigting, C W Opzoomer, het reeds ingesien dat konfessionaliste dieselfde waarheidsbegrip as moderniste gebruik. Of mens nou met bepaalde dogmata of geloofsartikels saamstem of nie, wanneer die keuse gebaseer word op 'n opvatting van die geloof as 'een voor waar houden, alzoo een toestand van het redelijke wezen, als denkend en kennend wezen' (Opzoomer 1846: 55), dan deel die een wat die dogma aanvaar en die een wat dit verwerp dieselfde waarheidsopvatting. Hierdie insig is ook later gedurende die Nederlandse modernistestryd uitgewys. Een van die radikale moderniste, Allard Pierson, aanvaar in sy polemiek oor die werklikheid van 'de opstanding zelve' dat hy en sy teenstander 'het gemeenschappelijk gebied der waarheidsliefde' deel (Pierson 1862:219).

Hierin had die moderniste gelyk. Dit word ten owervloede geïllustreer deur die brosjure van M van Grieken, een van die oprigters van die *Gereformeerde Bond tot Vrijmaking der Nederlandse Hervormde Kerken*, waarin hy die waarhede van Skrif en belydenis verdedig teen die valsheid wat die Kerk binnegekom het. Hy vind dit bedroewend dat die Kerk toelaat 'dat de leugen vredig woont naast de waarheid' en dat die Kerk daarom nie meer 'een pilaar en vastigheid der waarheid' is nie (Van Grieken 1909:9). Hy beskou dit as 'ontzettend' dat in een kerkraad manne gevind word 'die onze kerkelijke belijdenis eeren en mannen die haar trachten af te breken' in plaas daarvan dat almal eenvoudig soos vanouds God se Woord moet bely 'de waarheid te zijn' (Van Grieken 1909:13). Deur die kerklike vergaderings se verdraagsaamheid oor leerafwykings word 'de leer der Herv kerk geheel op losse schroeven gezet'[12] en die belydenisskrifte waardeloos gemaak (Van Grieken 1909:19).

Wanneer Pont (1988:404-419) dit het oor die 'sekerheid van die geloof by Calvyn', laat hy die antwoord op die vraag 'sekerheid waarvan?' in die midde. Dit word enigsins verberg deur die genitief 'sekerheid van die geloof', wat 'n *genitivus epexegeticus* is en nie sê waarvan dié geloofsekerheid seker is nie. Die versweë onderstelling is egter dat dit die inhoud van die belydenis is (dat die gelowige uitverkies en dus verlos is; vgl Pont 1988:408-409). In hierdie geval gaan dit nie oor die belydenisskrifte wat eers later gekom het nie, maar oor Calvyn se geskrifte waarin oor die ware reformatoriese leer betoog gevoer word. Volgens Pont is Calvyn seker van bepaalde objektief geformuleerde Skrifgegewens en verwerp hy elke 'subjektiewe grond' daarvoor. Dit is egter nie Calvyn se posisie nie. Wat hy verwerp, is elke grond in die mens self, terwyl hy die grond nie in 'n objek vind nie, maar in 'n ánder subjek, naamlik God self. Pont se betoog kan nie beteken dat Calvyn slegs seker is van die bestaan

12. Vergelyk die byna identiese formulering van prof Pont waarna hierbo verwys is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die objektiewe gegewens nie, maar dat hy hulle vir waar hou. Om dit met instemming aan te haal, beteken dat Pont self die waarheid slegs in objektiewe gegewens vind[13]. Die waarheid lê in rasioneel verstaanbare linguistiese konstruksies, dit wil sê proposisies — presies wat Scholten en sy mede-moderniste betoog.

In die onlangse Hervormde literatuur oor die belydenis kom hierdie waarheidsbeskouing verskeie kere voor. H J Botes stel in 'n artikel oor die verhouding tussen Skrif en belydenis (*Die Hervormer* 88/17 van 1 Desember 1995) dat 'die belydenis 'n poging van die Kerk (is) om die ewige Skrifwaarhede te *ver*woord'. Dit is 'n interessante formulering. Enersyds gaan dit vir hom om die woorde van die belydenis (let op die beklemtoonde '*ver*woord': in woorde omvat) en andersyds om die woorde van die Bybel. Die verstaanbare formulering van die proposisies in die belydenis is pogings om die ewige waarhede wat in die geskrewe proposisies van die Bybel staan, nog 'n keer onder woorde te bring. Die Bybel se proposisies is dus ewige waarhede. Nogtans ag die kerk dit volgens hierdie beskouing nodig om die ewigheid van hulle waarheid in 'n stel verdere proposisies te laat blyk. Ware proposisies van 'n laer rang is dus nodig om die waarheid wat in hoëre proposisies vervat is, te kenne te gee.

Dit is nie verbasend dat hierdie waarheidsopvatting in verband met die belydenis tans in die Hervormde Kerk klem kry nie. In die eerste plek omdat die belydenis tans die middelpunt van 'n kontrovers uitmaak, maar ook omdat dit die gangbare waarheidsopvatting is wat ongereflekteerd (= onkrities) onder ons funksioneer. Dit is waarmee 'n hele geslag Hervormde predikante in die sistematiese teologie grootgeword het.

Hiervan sê J P Oberholzer (1993:883) in sy kritiese evaluering van die lewenswerk van B J Engelbrecht:

> Hy het hom liewer (*sc* as om te besin en koers te gee) gehou aan die gebaande weë van die Reformatore, meer spesifiek Calvyn en die belydenisskrifte, en so die idee gevestig dat die sestiende-eeuse Hervorming en die tyds- en omstandigheidsbepaalde belydenisskrifte 'n tydlose en finale formulering van die Christelike geloof gegee het, iets wat juis onreformatories sou wees .... Uiteindelik egter is 'n mens geneig om in verband met die totale beeld van sy op skrif gestelde denke woorde soos konserwatisme en dogmatisme te wil aanwend.

13. Vergelyk hoe Pont (1992:268; 1994:106) meermale instemming betuig met wat hy as die afwysing van 'die subjektiewe teologie' beskou.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

En, as Pont (1992:266-268) gelyk het in sy tipering van S P Engelbrecht, sou die werk van laasgenoemde aan die Hervormde fakulteit ook 'n bepaalde voorbereiding hiervoor gelewer het. Ek bestry nie Pont se opvatting dat S P Engelbrecht 'n konfessionalis was nie[14]. Hierdie konfessionalisme werk egter juis met die proposisionele waarheidsbegrip waaroor ek hierbo betoog het. Oberholzer se beoordeling van B J Engelbrecht word in dié lig nog insnydender en verderreikend. Hy gee daarmee te kenne dat B J Engelbrecht se lewenswerk verantwoordelik is vir die vestiging van die *on*reformatoriese finalisering van die Christelike waarheid in bowe-historiese konfessionele formules. Hoe mens dit ook al versier of eufemiseer, dit is 'n harde woord. Miskien gaan dit ietwat te ver omdat S P Engelbrecht waarskynlik al die vestiging in die fakulteit gedoen het en die boustowwe lank tevore al uit die Nederlandse bakermat aangedra is. Maar met die substansie daarvan kan nie fout gevind word nie.

Ek meen dat die invloed van hierdie soort waarheidsbeskouing aan meer as een kant van die huidige kontrovers in die Hervormde Kerk bespeur kan word. Die sensitiefste punt in die *Auseinandersetzung*, die opstanding, sal 'n logiese en goeie illustrasie wees. In sy lesing voor die spesiale onrus-Predikantevergadering van 18 Januarie 1996 verweer prof A G van Aarde hom onder andere teen bedenkinge oor sy siening van die opstanding (Bylae H, Agenda Raad vir Kerk en Teologie, 15 Februarie 1996). Hoewel die sin weens die ontbreek van 'n voornaamwoord swaarvallig is, is dit duidelik dat hy poog om baie versigtig te formuleer (Bylae H, bl 9)

---

14. Hoewel ek meen dat die oorhoofse kategorieë van 'die' Subjektiewe Teologie en 'die' Objektiewe Teologie wat Pont in sy tipering van Engelbrecht (en elders passim) gebruik, oorvereenvoudigings is wat geregtigheid doen aan nóg die geskakeerdheid van teologieë in die algemeen nóg aan dié binne die aldus saamgevatte spesies. In dié verband kan ek ook antwoord op Oberholzer (1992:578-579) se opmerking dat ek by die konfessionele invloed op die vroeë Hervormde teologie verbykyk (Loader 1989:412-437). Ek betoog in die aangehaalde artikel dat die etiese invloede *incognito* deel van die Hervormde tradisie is, dat dit ongemerk gebly het en juis vanweë die groot — myns insiens oordadige — prominensie van die konfessionalisme beklemtoning verdien. Daarom gaan dit my nie daar om 'n 'onvolledige visie op die stand van sake' nie, maar om die uitwys en historiese begronding van 'n teologiese opsie wat in ons huidige situasie vrugbare perspektiewe kan open. Dit is presies waarom dit my ook in hierdie artikel gaan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Hierdie Jesus is gekruisig maar vir die kerk is Hy die lewe, *omdat die kerk* sy opstanding uit die dood *glo* en [Hy] vir die kerk die Christus, die Here, die manifestasie van God is (my kursivering).

Die opstanding van Jesus word alleen skynbaar hier bely. Die eerste proposisie wat ons aandag verdien, is: 'Jesus is vir die kerk die lewe'. Dit is veilige woorde want die formulering klink goed Nuwe-Testamenties. Die proposisie kan op verskeie maniere uitgelê word, soos dat die aardse lewe van die kerk deur Jesus bepaal word of dat Hy alles vir hulle in hulle lewe beteken, of dat Hy maar net na die kerk se mening die lewe meebring. Die proposisie is dus meerduidig en kan as een van 'n hele reeks proposisies opgeneem word. Hoewel dit duidelik 'n deskriptiewe stelling is ('vir die kerk' = 'na die kerk se mening') sal 'n welwillende leser egter oordeel dat die voor-die-hand-liggende proposisie is dat Jesus volgens Van Aarde self die ewige lewe vir die kerk of vir die lidmate van die kerk meebring. Omdat die konteks (vgl bl 7) 'n weerwoord oor die opstanding verg (Van Aarde tipeer dit self as 'n 'weerantwoord'), skep die proposisie die indruk dat dit daaroor gaan. Wat egter daardeur geaffirmeer word, is volgens hierdie goedgunstige uitleg Artikel Twaalf van die Apostolikum oor die ewige lewe en nie Artikel Vyf oor die opstanding van Jesus Christus op die derde dag ná sy dood nie. Hy gee dus nie 'n 'weerantwoord' op dit waarmee hy gekonfronteer word nie, maar ontduik dit met 'n *μετάβασις εἰς ἄλλο γένος*. Hierdie verskuiwing van die probleem na die (wetenskaplik ewe problematiese) ewige lewe word ook in 'n ietwat rustiger konteks uitgewerk in 'n lesing wat prof Van Aarde vir predikante gehou het en later gepubliseer het (1996b). Dit kan dus nie as 'n eenmalige formuleringsfout onder die druk van 'n gespanne atmosfeer beskou word nie.

Die tweede proposisie is: 'Die kerk glo Jesus se opstanding uit die dood'. Die derde proposisie lê 'n kousale verband tussen die eerste en die tweede: 'Die rede waarom Jesus die lewe vir die kerk is, is omdat die kerk glo dat Hy uit dood opgestaan het'. Dit is weer veilige kerklike taal en die waarheid daarvan sal nie deur Van Aarde se opponente ontken word nie. Die probleem met die proposisiereeks is egter dat die gunstigste uitleg daarvan dit slegs kan verstaan as 'n deskriptiewe uitspraak oor hoe die kerk meen dat die ewige lewe van Artikel Twaalf bekom kan word: deur te glo dat Jesus opgestaan het. Die affirmasie is dus, volgens die welwillendste uitleg, nie die opstanding van Jesus nie, maar die *sola fide* van die kerk. Die orige proposisies in Van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Aarde se uitspraak[15] is nie onbelangrik nie (veral nie in die lig van sy huidige belangstelling in die historiese Jesus en in die lig van die teologiese implikasies daarvan nie), maar kan vir ons huidige doel daargelaat word.

Die punt waarom dit hier gaan, is dat Van Aarde allerlei proposisies maak wat na sy mening waar is, maar die proposisie dat Jesus opgestaan het, nie maak nie. Hy kon eenvoudig geantwoord het: 'Jesus Christus het uit die dode opgestaan'. Hy vermy dit egter. Dieselfde gebeur in 'n onderhoud met die redakteur van *Die Hervormer* (88/22 van 1 Maart 1996). Op die vraag hoe hy die opstanding sien, antwoord hy dat hy dit 'soos die Kerk en saam met die Kerk' bely. Maar wanneer hy gevra word om dit te begrond, kwalifiseer hy sy belydenis. Hy kritiseer die 'moderne mens' wat soek na 'meer as die Woord' en die 'empiriese wetenskapsbeskouing' wat alleen glo wat bewys kan word en dit koppel 'aan die historisiteit van 'n saak'. Volgens hom het sulke empiriste eenmaal vir Rudolf Bultmann gevra of Jesus opgestaan het, waarop sy antwoord was: 'Ja — in die kerugma'. Hierby voeg professor Van Aarde: 'Ons kan eintlik geen ander antwoord gee as om te sê dat wat ons van die opstanding weet en bely, deur die Woord aan ons verkondig word nie. By daardie antwoord staan ek ook'.

Die laaste woord ('ook') kan na die 'ons' van die Kerk of na Bultmann of na albei verwys. Hiermee word weinig tot verduideliking bygedra. Dit klink of prof Van Aarde die opstanding alleen op grond van die verkondiging van die Woord bely, maar hy stel dit voor asof hierdie stelling dieselfde is as Bultmann se proposisie dat Jesus in die kerugma opgestaan het. Bultmann het nie kans gesien om die proposisie van Jesus se opstanding uit die dode te affirmeer nie, omdat hy die 'moderne mens' tegemoet wou kom. Jesus se opstanding 'in die kerugma' beteken nie dat ons dit bely alleen op grond van wat 'deur die Woord aan ons verkondig word' nie. Juis omdat moderne mense volgens Bultmann onder die druk van die empiriese wetenskap nie meer kans sien om die liggaamlike opstanding vir waar te hou nie, het hy as eksistensialis die opstanding as deel van sy ontmitologiseringsprogram anders gedui. Vandaar Bultmann se proposisie dat Jesus in die kerugma opgestaan het en nie liggaamlik nie. 'n Mens kan dus nie Bultmann se *akkommodasie* van die empiriese waarheidsbeskouing, wat 'n proposisionele waarheidsbeskouing is, gebruik om *kritiek* uit te oefen op die empiristiese eis dat Jesus se opstanding histories bewysbaar moet wees nie. As dit dan so onnodig is om die opstanding te bewys voor ons dit kan glo, dan is dit ook onnodig om terug te deins

15. Dat Jesus gekruisig is, dat die kerk meen dat Jesus die Christus is, dat die kerk meen dat Hy die Here is, dat die kerk meen dat Hy die manifestasie van God is, en die oorsaaklike verbande tussen hierdie stellings en die een oor Jesus wat vir die kerk die lewe is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vir 'n ongekwalifiseerde belydenis daarvan[16]. Wat Van Aarde hier doen, is om Bultmann se waarheidsbeskouing te gebruik. En dit is, in teenstelling tot Van Aarde se voorstelling daarvan, 'n empiriese: Jesus se opstanding kan nie empiries geverifieer word nie; daarom kan dit nie proposisioneel geaffirmeer word nie; 'n ander proposisie kan egter wel geaffirmeer word, naamlik die kerugmatiese opstanding. Geloof is hiervolgens die instemming met proposisies[17].

Wanneer mens proposisies soos 'Jesus het uit die dode opgestaan' nie wil aanvaar of onderskryf nie *omdat* dit nie empiries bewys kan word nie, word dit juis vanweë die aanvaarding van die onweerstaanbaarheid van die empiriese wetenskap gedoen. Dan help dit nie om die vrees vir empirisme — wat in naïewe vorm by die ortodoksie voorkom — daarvoor aan te voer nie. Dit onderstel dieselfde waarheidsopvatting as die ortodoksie én die positiwisme. Die ortodoksie en die positiwisme gaan beide daarvan uit dat die proposisie waar moet wees op grond van 'n een-tot-een-ooreenkoms met die werklikheid. Die enigste verskil is dat die positiwisme by ontstentenis van wetenskaplike bewysvoering die proposisie nie vir waar hou nie, terwyl die ortodoksie ten spyte van die ontbreek van die bewys die waarheid van die proposisie affirmeer.

---

16. 'n Mens kan vra waarom Artikel Vyf van die Apostolikum soveel terugdeinsing veroorsaak en nie Artikel Twaalf (of Artikel Elf) nie. As God se misterie van die ewige lewe nie so problematies is nie (waarmee die empiriese natuurwetenskap wel ewe groot probleme het), waarom dan die opstanding van Jesus? Die vraag kan nog uitgebrei word: Wat van God se eie misterie? Is dit makliker om in God te glo as in die opstanding? Waarom is Artikel Een nie nog 'n groter probleem nie? Miskien is sulke inkonsekwensies toe te skryf aan die feit dat 'n proposisionele waarheidsbeskouing sekere stellings, soos dié oor die maagdelike geboorte en die opstanding, ongewoner presenteer as ander, soos God se bestaan, vergifnis en die gemeenskap van die heiliges. Sulke vrae kan belangrik wees in die kerklike debat verderaan, maar vir my huidige betoog word hulle daargelaat.

17. Prof Van Aarde se onderstelling van 'n proposisionele waarheidsbeskouing wanneer dit oor die opstanding gaan, staan in kontras tot wat hy in 'n ander konteks skryf (Van Aarde 1995:54): 'Ook hier (sc by die rol wat belydenisskrifte in die lewe van hedendaagse gelowiges speel) moet afskeid geneem word van 'n geloof in dogmas wat alleen die kennis van leerstukke beklemtoon sonder die gepaardgaande affektiewe vertroue in God self — iets wat die hervormer, Philippus Melanchthon, beklemtoon het'. Dit kom naby aan wat ek in hierdie artikel betoog en wat ek in talle ander publikasies bepleit het. Prof Van Aarde verwys na niks hiervan nie en hou blykbaar nie rekening daarmee dat hierdie tipe perspektief histories 'n belangrike rol in die Hervormde tradisie gespeel het nie. Ek weet ook van die waardering vir die dialektiese teologie wat hy by verskeie geleenthede uitgespreek het. Wat hy egter in die huidige konteks oor hierdie onderwerp gedóén het, is nie daardeur beïnvloed nie, en dít is wat tans tot onrus aanleiding gee. As hy losstaande opmerkings oor geloof as vertroue in God self in die sentrum van sy betoogvoering sou plaas, het ek geen verskil met hom nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wanneer so 'n waarheidsopvatting in 'n ortodokse teologie gebruik word, bring dit gewoonlik 'n onduidelikheid mee wat bots met die hoë premie wat op 'sekerheid' geplaas word. Daar word nie verantwoord wat 'waarheid' beteken nie. Dit word wel op 'n rasionalistiese en positiwistiese standpunt gedoen: vir eersgenoemde is waarheid dit wat in ooreenstemming met die eise van die menslike rede gebring kan word, terwyl laasgenoemde vereis dat proposisies, om waar te wees, op grond van empiriese waarneming en logiese beredenering in 'n wetenskaplik bewese een-tot-een-verhouding met die werklikheid moet staan. Beide is egter vir 'n ortodokse teologie onaanvaarbaar. Tog word die korrelatiewe verhouding proposisie-werklikheid as vereiste vir 'waarheid' beskou. Daarom kan die konsekwensie nie ontsnap word dat 'waarheid' alleen in proposisies lê nie: die mens moet *rasioneel* 'n band lê tussen die werklikheid en proposisies. Dit maak nie saak hoe naïef dit gebeur nie, ook nie dat die rasionalisme met sy eis van redelike bevrediging verwerp word nie — die mens as denkende subjek lê hierdie verband. Dit word normaalweg nie op ortodokse standpunt erken of selfs oorweeg nie, maar dit word strykdeur gedóén. Die wolleriheid is dat 'waarheid' hoog aangeslaan word, maar dat die aard daarvan nie die aandag kry wat mens van so 'n sentrale begrip sou verwag nie. Hiervan is die voorbeelde wat ek hierbo aangehaal het, uitnemende illustrasie. Wanneer die 'objektiewe' teologie aangeprys en met die 'subjektiewe' teologie gekontrasteer word, word die onmoontlikheid om die verbandleggende subjek uit te skakel, eenvoudig geïgnoreer. Om die 'objektiewe' teologie te laat werk, is nie alleen 'n subjek nodig nie, maar ook 'n verhouding tussen 'n proposisie en 'n aspek van die werklikheid wat dan 'n 'feit' genoem word. Ten spyte van protestasies tot die teendeel is so 'n teologie kripto-subjektief en glo in stellings óór God. Geloof is 'n kognitiewe instemming met proposisies.

## 5. 'N ALTERNATIEF

### 5.1 Die tese

Die negatiewe kant van die tese wat ek in hierdie artikel verdedig, is dat so 'n opvatting van waarheid en geloof afgewys moet word. Ek het my reeds in verskeie publikasies uitgelaat oor die teologiese tradisie waarin perspektiewe gebied word op wat myns insiens positief in die plek daarvan gestel behoort te word (Loader 1984, 1985a, 1985b, 1985c, 1986, 1987, 1988, 1989; vgl die reaksies van Koekemoer 1992:317-320; 1994: 20-22; Pont 1994:106). Derhalwe sal ek hier net die kern bied, en dan alleen vir sover dit na my mening relevant is vir die huidige meningsverskille in die Hervormde Kerk. Die bondigste manier om die positiewe alternatief te stel, is om te sê dat 'n ander waarheidsbeskouing as die proposisionele benodig word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 5.2 Die waarde van proposisies

Voordat hierdie alternatief uitgewerk word, is dit nodig om daarop te wys dat dit nie gaan om die ontkenning van die waarde van proposisies of van die teenwoordigheid van proposisies in die Bybel nie. Proposisies en begrippe is pogings om van die gegrepenheid deur God self te getuig. Daarsonder sou ons nie kon kommunikeer nie. Dit is 'n onderwerp wat nogal grondig in die sewentigerjare beredeneer is (vgl Helm 1972:127-136; Barr 1977:123-126). Byvoorbeeld: die Bybel mag die proposisie bevat 'God seën sy gunsgenote', en dié proposisie mag vir waar gehou word, dus geglo word. Dit kan ook beteken dat die spreker van die proposisie geglo word. Maar dit hoef nog nie te beteken dat die persoon wat dit glo, hom of haar as een van die gunsgenote van God beskou of in 'n vertrouensverhouding met God te staan kom nie. Wanneer dit egter wel gebeur dat die proposisie en die persoon agter die proposisie op dié punt geglo word en hierdie 'voor waar houden' opgeneem word in 'n verhouding van vertroue tussen die gelowige en die openbaarder agter die proposisie, dan het ons 'n intersubjektiewe verhouding tussen 'n inisieerder en 'n respondeerder. Dan is die proposisie nie die objek van geloof nie en God is ook nie 'n objek[18] nie, maar 'n resiproke verhouding kom tot stand. Geloof is dienooreenkomstig 'n vertrouensoorgawe aan God — geen objektiewe religie nie, maar 'n *inter*subjektiewe verhouding tussen twee subjekte.

### 5.3 'De waarheid is ethisch'

Die perspektief op geloof as vertrouensoorgawe kenmerk die etiese waarheidsbeskouing en het uiting gevind in die *dictum* 'de waarheid is ethisch'. Die etiese rigting in Nederland het sy bloeiperiode gedurende die tweede helfte van die negentiende en die eerste dekades van die twintigste eeu beleef met 'n nabloei tussen die twee wêreldoorloë. In Nederlands het hulle bekend gestaan as die 'Ethischen', wat ons met 'etici' kan weergee. Die naam is ontleen aan die Grieks ἦθος, 'wese', en verwys nie na dit wat 'sedelik' is nie, maar na die strewe van hierdie teoloë om hulle te oriënteer aan wat hulle as die wese van die waarheid beskou het. Die wese van die waarheid is dat dit in 'n lewende ontmoeting met God tot die mens kom en nie in proposisies nie (vgl Becking 1995:144). Daarom heet die waarheid 'eties' in hierdie sin. Valeton (1904:10) stel dit soos volg, en kontrasteer daarmee tegelykertyd die etiese opvatting en die ortodoksie:

18. God kan alleen in terme van linguistiese konvensies 'n 'objek' wees, dit wil sê 'n woord wat in 'n taal waar naamvalle voorkom, in die akkusatief sou staan. Hierdie gebruik van die konsep 'objek' het alleen te make met taalreëls en nie met teologie nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> [H]ierin [ligt het verschil] dat men van ethischen kant nu ook *voor de theologie* als zoodanig van dit leven wil *uitgaan*, en de begrippen, d i de leer, daaraan subordineert ... [B]ij de orthodoxie: *door de leer tot het leven*; bij de ethische richting: *door het leven tot de leer.*

'Dit leven' waarvan hy praat, is die lewende geestelike ontmoeting van die mens met God. Hy verduidelik dit in 'n ander geskrif (Valeton 1906:9), waar hy uitdruklik stel dat die mens deur die Bybel in 'een zuiver geestelijke, laat mij zeggen mogen: zuiver ethische' ontmoeting met God self kom en daarvan bewus word 'door Hem gezocht te worden'. Die ortodoksie gee die primaat aan die leer, 'n sisteem van waarhede, en wil die lewe met God dan daarvolgens orden. Die etici wil *ex post facto* poog om iets oor die lewende ontmoeting met God in die leer te sê. Die waarheid lê in die wese van die ontmoeting, nie in die poging om agterna iets daarvan te sê nie.

Hierdie gebruik van die term 'ethisch' is ontleen aan die werk van die vader van die etiese rigting, Daniël Chantepie de la Saussaye, wat die identiteit van waarheid en lewe in hierdie sin die hoeksteen van sy werk gemaak het (De la Saussaye 1860, 1867). Dieselfde insig kenmerk ook die werk van die ander etiese leiersfiguur, J H Gunning jr, wie se *opus magnum*, *Blikken in de openbaring* (1866-1869) daarop gebou is. Gunning is gesteld daarop dat mens God nie kan deurgrond nie en beroep hom daarvoor óór die ortodoksie heen op Calvyn (Gunning 1884:39):

> [M]et Calvijn zeggen wij dat onze idee van God ethisch is, d i dat wij van God niet kunnen kennen wie Hij is, maar hoedanig Hij voor ons is.

Die mens kan God dus in een sin nie ken nie en in 'n ander sin wel ken. Ons kan Hom nie ken in die sin dat ons Hom verstaan nie; ons kan nie met feite en begrippe omskryf 'wie Hij is' en dan kognitiewe instemming daarmee vir geloof aansien nie. Ons kan Hom wel ken deur bewus te word van hoe Hy ons opsoek en aangryp. Die etici kan God nie objektiveer nie. Daarom kan hulle die waarheid ook nie objektiveer nie.

Hierdie opvatting is nie net deur die vaders van die etiese rigting en hulle onmiddellike opvolgers soos Valeton en Gerrit Wildeboer daarop nagehou nie, maar ook deur 'n derde en 'n vierde generasie. Die seun van J H Gunning jr, J H Gunning JHzn, het die openbaring van God in sy lewende teenwoordigheid in die geskiedenis gevind en nie in geformuleerde waarhede oor Hom nie (vgl Gunning 1885:18). Dieselfde kom tot uiting in die afkeer van dogmatisme in die werk van vierde-generasie teoloë soos B Gemser en A van Selms (vgl Loader 1984a:210-211).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Omdat God bo alle begrip uitgaan, is alle begrippe oor Hom onvolkome. Die proposisies wat met sulke begrippe werk, is dus ook nie genoegsaam om die volle waarheid oor God te omvat nie. Daarom is elke poging om proposisioneel oor God se waarheid te praat — prediking, teologie, belydenis en die Bybel — op sy beste slegs 'n benadering van die waarheid. Die etiese oortuiging word gekenmerk deur die opvatting dat die goddelike openbaring God se selfopenbaring is en nie 'n leer nie (Gunning jr 1886:45; 1884:54; Wildeboer 1886:69; Valeton 1909:10). Die titel van Gunning se *magnum opus* is nie sonder belang nie: om blikke in die openbaring te kry, is om God self te ontmoet.

### 5.4 Subjektief?

Die etiese teologie word soms as 'subjektief' beskou. Dit word byvoorbeeld deur Pont (1992:268) gedoen waneer hy S P Engelbrecht se gebrek aan waardering vir wat Pont 'die Subjektiewe Teologie' noem, aanvoer as bewys 'dat hy nie as etiese teoloog aangedui kan word nie'. Dit is egter 'n onhoudbare opvatting, soos alreeds blyk uit Valeton (1904:22-23) se kritiek op wat hy self die 'ervaringstheologie' noem. Hier het hy dit teen die plasing van die mens en die menslike ervaringswêreld in 'het middelpunt der dingen' en die aanlê van die mens se eie ervaring as toetssteen vir wat aanvaarbaar is en wat nie. Duideliker kan die misverstand oor die etiese teologie as 'subjektief' nie aan die kaak gestel word nie. Daar is twee belangrike teenwigte vir subjektiwisme in die etiese teologie.

Die eerste is die Bybel. Hier kan 'n parallel met die teologie van Ritschl opgemerk word (vgl Schott 1961:1116, 1118-1119). Volgens Valeton en sy geesgenote kom Godskennis nie uit 'n verligting nie, maar uit die Bybel. In Gunning se idee van blikke in die openbaring is die Skrif juis die objektiewe kant van die goddelike selfbekendmaking. Die blote feit dat die etici so 'n geweldige toewyding aan die Bybelwetenskappe aan die dag gelê het en nie alleen talle betekenisvolle bydraes daartoe gelewer het nie, maar dié ook altyd in verband met die belydenis en verkondiging gebring het, is 'n aanduiding van die belang hiervan. Die voortgaande selfbekendmaking van God word ons alleen meegedeel deur die uitdrukking daarvan in Israel se geestelike lewe, sê Valeton (1877:14, 16) van die Ou Testament. Hierdie opvatting kom ooreen met James Barr (1972:117-118) se idee van die Bybel as die 'classical model' vir die Christelike teologie waardeur die Bybel se status 'n gegewene is in enige teologie wat Christelik wil heet. Wildeboer (1910:437-442) gaan nog verder: God se idees word in die tekste van die Bybel gemanifesteer en word voortdurend geopenbaar deur die menslike woorde van Israel. Die Bybel lê dus die mens se ervaring van die openbaring aan bande.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die tweede teenwig teen subjektiwisme is die etici se oortuiging dat openbaring 'n kerklike dimensie het. Hoewel niemand toegang tot die innerlike lewe van 'n ander het nie, moet ons rekening hou daarmee dat ons wat ons ook al as indiwidue beleef, beleef as lidmate van die gemeente (Valeton 1904:23). Vir die etici het die kerk 'n historiese erfenis waarvan hy getuig. Ons ontvang die openbaring as deel van hierdie erfenis. Die geloof van die kerk was vir die etici 'n dinamiese werklikheid wat 'n beperking op die ervaring van die gelowige geplaas het. Vir Valeton was dit so belangrik dat hy die matriks van die kerk as 'n noodsaaklike vooronderstelling vir enige teologie beskou het (Valeton 1898:25).

Dit beteken dat die etici, wat Emil Brunner later sou noem die 'Objekt-Subjekt-Gegensatz', oorwin het. Nóg die menslike ervaring nóg 'n verobjektiveerde 'waarheid' voer die botoon. Die waarheid lê anderkant die teenstelling.

### 5.5 Die etici en die dogma

Die etiese teoloë het aan die leer 'n betreklike waarde toegeken omdat geen leer die volle waarheid kan omvat of uitdruk nie. Dit beteken egter nie 'n geringskatting van die leer en die proposisies daarvan nie. Valeton (1909:33) sê selfs dat hy vir die etiese rigting 'geen vak van theologische studie zoo belangrijk als de dogmengeschiedenis' vind nie. In sy besinning oor die waarde van die leer sê hy:

> Alleenlijk, dit is toch zeker, dat het verstand ons telkens weer dwingt ons rekenschap te geven ook van deze dingen (*sc* wat alle begrip te bowe gaan), en dat wij niet tevreden kunnen zijn voordat ook hier beproefd is wat beproefd worden kan.
>
> (Valeton 1904:19-21)

Hoewel die dogmata alleen benaderings van God se waarheid kan wees, is hulle noodsaaklik. Hulle werk, in Valeton (1909:44) se metafoor, soos afgeslote rekeninge wat nodig is vir verdere rekeninge. Leerstellings is histories bepaalde proposisies wat wel op bepaalde tye in die verlede afgesluit is, maar vandag vir besinning en onderlinge begrip noodsaaklik is. Hieruit blyk dat proposisies onontbeerlik vir die teologie is, maar ook vir die kerklike geloofslewe. Hulle moet alleen maar nie verselfstandig word nie — wat gebeur wanneer hulle die objekte van geloof word in plaas van hulpmiddels vir die uitdrukking van die geloof. Die etiese begrip van waarheid as ontmoeting maak volledig voorsiening vir die belydenis in die vorm van proposisies óór die ontmoeting met God.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die konfessionele binding van die etiese rigting blyk uit al die groot geskrifte van De la Saussaye, Gunning, Valeton en die ander. Hiervoor kan die volgende uitspraak as verteenwoordigend geld:

> Niet te belijden zou zijn zijn geloofsbezit te verloochenen en te doen als kon of wilde men niet spreken. In zooverre zeggen ook wij op ethisch standpunt met volle overtuiging: geen kerk zonder geloofsbelijdenis; de belijdenis is de noodzakelijke uitdrukking van het geloof.
>
> (Valeton 1909:43)

Daar is geen rede om hierdie uitspraak nie 'konfessioneel' te noem nie. 'n Interessante randopmerking is dat die Neerlando-Amerikaner, Simon J de Vries (1968:94), die etici nie sonder rede '*orthodox* ethicals' noem nie (my kursivering). Valeton was hom goed bewus van die gemeenskaplikheid tussen die etici en die konfessioneles. Vir hom is die wesenlike verskil tussen die twee rigtings nie 'n saak van die belydenis nie, maar van 'hetgeen in beider optreden den doorslag geeft' (Valeton 1904:23). Dit is volledig in ooreenstemming met die toenadering tussen Gunning en Hoedemaker, waartydens dit geblyk het dat Gunning bereïd was om die term 'confessioneel' vir die grondslag van die kerk te gebruik (vgl Rasker 1974:151-152). Die verskil tussen die twee modaliteite was 'n verskil in 'optreden', soos Valeton dit genoem het. Die etici kon nie aan die Nederlandse kerkstryd as reorganisasiestryd deelneem nie. Die verskil het nie in die hoogagting van die belydenis gelê nie, maar in styl. Ons sou kon sê dat wat eties is, ook konfessioneel is, maar wat konfessioneel is, nie noodwendig eties nie.

## 6. DIE HERVORMDE TRADISIE

### 6.1 Een van verskeie invloede

Ek het elders betoog dat die etiese teologie 'n invloed gehad het op die teologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Loader 1989:412-437). Pont (1994:106) meen dat dit nie korrek is nie omdat die teologiese gerigtheid van die Hervormde fakulteit nie vereenselwig kan word met 'die een of ander Nederlandse teologiese skool wat in die rigtingstryd aldaar vaste uitgangspunte en grense gehad het nie'. Behalwe dat ek nooit so iets betoog het nie, is dit nou juis 'n tipering wat herhaaldelik en uitdruklik deur die etiese teoloë self verwerp is (Valeton 1878:9; 1904:9; 1909:3-7). Feitlik al die rigtings het vaste organisasies, predikanteverenigings en lyfblaaie gehad — behalwe die etiese rigting (oorsig by Loader 1984:15). Die etiese rigting het ook nie-Hervormers en selfs nie-Calviniste (onder andere prof Pont se grootvader) ingesluit.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die etiese invloed was dienooreenkomstig ook nie dié van 'n party nie, het nie die karakter van 'n kerklike aksie gedra nie en het ook nie in teenstelling tot 'konfessioneel' gestaan nie. Ek wil nie hier my betoog oor die *incognito*-invloed van die etiese perspektief (Loader 1989:431-435) herhaal nie. Ek glo nie dat die historiese argument oor die sosiale, politieke, religieuse en kerklike faktore wat daarin 'n rol gespeel het of die daar gebode verklaring vir die teenwoordigheid van tipies etiese trekke in die hedendaagse Hervormde Kerk weerlê is nie. Wat myns insiens nou belangrik is, is dat ons raaksien dat die etiese teologie ten minste een van verskeie faktore was wat die Hervormde teologie beïnvloed het. En, nog belangriker, dat die etiese waarheidsbeskouing nie net voluit verenigbaar met die tradisionele Hervormde teologie is nie, maar deel is van die wese daarvan.

### 6.2 'Van de ethische theologie naar Barth'

'n Betoog wat hierdie oortuiging onderskraag, is meer as vier dekades gelede deur J J Stam (1951:32-61) gelewer. Onder die titel 'Van de ethische theologie naar Barth' betoog hy dat daar 'n natuurlike ontwikkelingslyn van die etiese teologie na Barth se dialektiese teologie is. Hierin speel die drievoudige gestalte van die Woord van God (Barth [1932] 1964:89-128) 'n wesenlike rol. Die waardering vir Barth wat sedert H P Wolmarans in die Hervormde tradisie wortel geskiet het (vgl Koekemoer 1992:319-320; Pont 1994:107[19]), lê inderdaad in die verlengde van die etiese waarheids- en openbaringsopvatting. Die Barthiaanse visie op die openbaring van God in Christus en die getuienis daaraangaande in die proposisies van die Skrif en verkondiging kan as parafrase vir die etiese standpunt gebruik word. Hierin gaan dit om die hart van die Barthiaanse teologie, van die etiese teologie én van die Hervormde teologie. Die dialektiese opvatting dat die begrippe van die Skrif en verkondiging eers deur die werking van die Heilige Gees God se woord wórd, is goed verbindbaar met die etiese opvatting dat die openbaring nie in begrippe nie, maar in Christus self lê, terwyl die begrippe van die Skrif en verkondiging eers kragtens die ontmoeting met God waar is. Dieselfde kan nie van 'n proposisionele waarheids- en openbaringsopvatting gesê word nie. In sy tipering van J H Gunning sê Miskotte (1929:116) treffend: '*de ethische is dialectisch*'. Ek wil nie die ooreenkoms oorspan of beweer dat die etiese teologie 'n soort proto-dialektiese teologie is nie, maar wel dat 'n affiniteit vir die dialektiese teologie verwag moet word in 'n tradisie wat etiese invloed ondergaan het. Dit geld van die Hervormde tradisie, nie toevallig dié tradisie in Suid-Afrika wat tot vandag toe die stempel van die dialektiese teologie dra nie.

19. Pont maak hier die bewering dat Van Selms se insig die konfessionele gerigtheid in die dialektiese bydrae van Wolmarans aan die fakulteit versterk het. Van Selms het egter uitdruklik ontken dat hy 'confessioneel' was en was gesteld daarop dat hy 'in die etiese rigting gesit het'. Hy was alleen 'konfessioneel' in dié sin dat hy, soos alle etiese teoloë, die belydenis hoog geag het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 6.3 Brunner — waarheid as ontmoeting

Die beste getuienis vir hierdie betoog is egter die besinning van die ander groot gees van die dialektiese teologie, Emil Brunner, oor presies hierdie onderwerp. In 'n boek waarin hy jare se besinning verwerk het, gaan dit hom oor 'n verantwoorde Protestantse waarheidsbeskouing. Asof deur 'n etiese teoloog geskryf, lui die titel: *Wahrheit als Begegnung* — waarheid as ontmoeting, woordeliks die kensketsing van die etiese waarheidsopvatting. Die boek, wat jare lank aan die Hervormde fakulteit voorgeskryf was, is 'n bestryding van wat die etici bestry het, naamlik 'n geobjektiveerde waarheid wat in proposisies bestaan. Daaroor het Brunner ([1938] 1963:175) insnydende opmerkings:

> Der Objektivismus ist immer die eigentliche, kirchliche, innerkirchliche Gefahr gewesen — durch alle Jahrhunderte hindurch und auch jetzt. Seine Gefährlichkeit ist innerhalb der Kirche viel schwerer zu erkennen, und der Kampf mit ihm war noch immer der gefährlichste.

In die middel van sy boek (Brunner [1938] 1963:118) kenskets hy sy hele betoog soos volg:

> Vorderhand haben wir nichts anderes angestrebt, als den abgrundtiefen Unterschied zwischen dem personalen Glauben, wie wir ihn aus der biblischen Grundkategorie der personalen Korrespondenz kennen, und einem Credo-credo-Glauben, der durch den Übergang von der zweiten in die dritte Person, vom personhaften ins sachenhafte Verhältnis entsteht, deutlich herauszuarbeiten.

Dit gaan vir Brunner om die afwysing van 'n geloof wat die *credo* glo in plaas van, soos in die Bybel, 'n geloof as persoonlike verhouding met God. Dit gaan hom ook en veral om die positiewe uitwerking van wat dan wel 'n verantwoordbare waarheidsbeskouing, en dus geloof, is (Brunner [1938] 1963:134):

> Anders gesagt, der Glaube ist zwar, letztlich, nicht 'Glaube an etwas' — etwas Wahres, eine Lehre —, er ist nicht ein 'etwas Denken', sondern personhafte Begegnung, Vertrauen, Gehorsam und Liebe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Brunner ([1938] 1963:78) betoog dat die paradoks van historiese openbaring en God se teenwoordigheid waarmee die mens in ontmoeting kom, 'das Geheimnis der Reformation, ihrer Kraft' is. Dit is dié deurbraak van die hervorming, sê Brunner, omdat Luther hom vrygemaak het van die ban van 'n valse teenstelling. Feitlik al Luther se geskrifte toon dat dit 'n bevryding is

> vom Bann des Objekt-Subjekt-Gegensatzes, und das ihm das gelang durch die Wiederentdeckung des ursprünglich biblischen Wahrheitsverständnisses.

Daarmee doen Brunner wat Gunning gedoen het toe hy hom vir dieselfde waarheidsbeskouing eweneens op die reformasie beroep het (vgl Gunning 1884:39). Dus kan mens 'eties' nie sonder meer as teenstelling teenoor 'Bybels-Reformatories' stel soos Pont (1994:106) doen nie. As mens die etici se eie geskrifte en Brunner se betoog oorweeg, is die omgekeerde eerder waar: die etiese teologie is 'n egte verskyningsvorm van die Bybels-Reformatoriese teologie. Hierdie waarneming verklaar die etiese teologie nie tot dialektiese teologie nie en ook nie tot Nederduitsch Hervormde teologie nie. Dit is egter wel etiese etos (as die woordspel my veroorloof word), dialektiese etos en Hervormde etos. Dit is tuis in die Hervormde tradisie.

## 7. 'N PLEIDOOI

Ek het 'n betoog probeer lewer wat (1) die erns van die twis in die Hervormde Kerk erken en (2) dit in sy konteks probeer verstaan. Daarom het ek my argument om resente, aktuele en omstrede dokumentasie gebou. Hieruit het geblyk dat geen twyfel bestaan nie (3) dat die onenigheid oor die waarheid gaan, en (4) dat die gangbare waarheidsbeskouing soos in die Nederlandse rigtingstryd van 'n eeu gelede veelal dieselfde by die strydende partye is. 'n Alternatief is (5) die etiese waarheidsbeskouing wat (6) wesenlik deel is van die Hervormde dialektiese tradisie.

Nou my pleidooi. Kan ons nie die breuke wat daar reeds ontstaan het, die verwydering wat ingetree het, heel nie? Diegene wat besorg is oor die belydenis hoef hulle sorg nie te verloën nie, nóg hulle wat besorg is oor 'n verstarring in konfessionalisme. Na my mening kán ons die twis omskakel in 'n debat. Die debat kan skerp en indringend wees. En dit kan goed vir kerk en teologie wees.

Die heelmiddel hiervoor, dink ek, is dat ons die bydrae van die etiese waarheidsbeskouing tot ons erfenis herontdek, of, vir diegene wat dit liewer dialekties-Duits wil hoor: *Wahrheit als Begegnung*. Ek kan nie sien hoe Hervormers hierteen gekant kan wees nie — nie dié wat my tipering van die etiese tradisie aanvaar nie, en ook nie dié wat krities daarteenoor staan nie, tensy hulle die reformatories-dialektiese perspektief vaarwel toeroep.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Prakties beteken dit dat uitgegaan word van die ondeurgrondelike majesteit van God. Om dit werklik ernstig te neem, is om werklik nederig oor die waarheid te wees. Om nie soos die vriende van Job die transendente katafaties met die proposisionele te wil toespan nie. Wel om soos Job in die storm (Job 42:5) die legitiem proposisionele, die kwellings en stellings en die worsteling anafaties te omspan met die *belydenis*:

> Volgens hoorsê het ek allerlei proposisies óór U gehoor, maar nou het my oog U self gesien.

**Literatuurverwysings**


Barr, J 1977. *The Bible in the modern world.* 2nd impression. London: SCM.

Barth, K [1932] 1964. *Die Lehre vom Wort Gottes: Prolegomena zur kirchliche Dogmatik. Kirchliche Dogmatik* 1/1. 8. Aufl. Zürich: EVZ-Verlag.

Becking, B E H J 1995. Valetons visie op het verbond: Gemeente-zijn in het perspectief van Jeremia 31:31-34, in Vlasblom, J & Van der Windt, J (reds), *Heel de kerk: Enkele visies op de kerk binnen de 'Ethische Richting'*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Botes, H J 1995. Die verhouding Skrif en belydenis in die Nederduitsch Hervormde Kerk. *Die Hervormer* 88/17, 1 Desember 1995.

Breytenbach, J H. Sien Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Brunner, E [1938] 1963. *Wahrheit als Begegnung*. Zürich: Zwingli-Verlag.

De Vries, S J 1968. *Bible and theology in the Netherlands: Dutch Old Testament criticism under modernist and conservative auspices 1850 to World War I.* Wageningen: Veenman.

Dreyer, J (G M) *s a* [=1953]. *Hervormd as kerknaam gehandhaaf.* Pretoria: NHWP.

Dreyer, T F J 1995a. 'n Eietydse getuienis of 'n outydse strydgeskrif? *Die Hervormer* 88/15, 1 November 1995.

——— 1995b. Getuienis of strydgeskrif? *Die Hervormer* 88/16, 15 November 1995.

——— Sien ook Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Engelbrecht, S P 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* 3e Uitgawe. Pretoria: HAUM-De Bussy.

——— *s a* [= 1957]. *Dr G D Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk.* Pretoria: HAUM.

——— 1958. Nogmaals dr G D Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. *HTS* 13/3 & 4, 91-157.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Goddefroy, M J 1890. *De kerkkwestie niet een leer- maar een levenskwestie: Antwoord en toelichting naar aanleiding van het verdachtmakend couranten-geschrijf van ds H S Bosman, predikant van de Ned Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Z A Republiek.* 2e druk. Den Haag: De Swart.

Gunning, J H jr 1866-1869. *Blikken in de openbaring.* 4 dln. Amsterdam: Höveker.

——— 1884. *Jezus Christus, de Middelaar Gods en der menschen.* Amsterdam: Höveker.

Gunning, J H JHzn 1885. *De critische beschouwing van Israëls geschiedenis.* Haarlem: Willink.

Helm, P 1972. Revealed propositions and timeless truths. *Religious Studies* 8, 127-136.

Koekemoer, J H 1992. Dogmatiek en Christelike Etiek binne die Fakulteit Teologie (Afd A) van die Universiteit van Pretoria. *HTS* 48, 315-328.

Loader, J A 1984. Die etiese Ou-Testamentici in Nederland tussen 1870 en 1914. Ongepubliseerde DD-dissertasie, Unisa.

——— 1985a. The concept of revelation in Dutch Ethical Theology: Its implications for Old Testament scholarship. *OTE* 3, 18-32.

——— 1985b. J J P Valeton jr as godsdienshistorikus. *HTS* 41, 233-251.

——— 1985c. The writings of Professor Adrianus van Selms. *JNSL* 12, 5-17.

——— 1986. Die bydrae van Gerrit Wildeboer (1855-1911) tot die Ou-Testamentiese wetenskap. *OTWSA* 27-28, 148-146. [In werklikheid 1984, maar die bundel dra die verskyningsdatum 1986.]

——— 1987. *Tertium datur* — oor die etiese waarheidsbegrip. *HTS* 43, 47-56.

——— 1988. Die waarheid is eties: Oor die Skrifbeskouing van die Etiese Teologie. *IdS* 22, 42-55.

——— 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45/2, 412-437.

Miskotte, K H 1929. *Johannes Hermanus Gunning.* Rotterdam: J M Bredée.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1995. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria (aangehaal volgens Agenda en Bylaes, Raad vir Kerk en Teologie, 15 Februarie 1996).

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1996. Agenda en Bylaes: Raad vir Kerk en Teologie. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk.

'n Eietydse Getuienis in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op Hervormingsdag. *s a* [=1995]: *s l.*

Oberholzer, J P 1992. Terugblikke op die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, en sy lede — 'n literatuurverkenning. *HTS* 48, 575-584.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Opzoomer, C W 1846. *De gevoelsleer van dr J J van Oosterzee beoordeeld.* Amsterdam: Van Kampen.

Pierson, A 1862. *De oorsprong der moderne richting.* 2de Uitg. Haarlem: Kruseman.

Pont, A D 1988. Die sekerheid van die geloof by Calvyn en sommige van sy navolgers. *HTS* 44/2, 404-419.

Pont, A D 1992. Kerkgeskiedenis in ons teologiese opleiding: 1917-1956. *HTS* 48/1 & 2, 253-272.

——— 1994. Historiese perspektiewe op die kerklik-teologiese opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 50, 95-110.

——— Sien ook Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Rasker, A J 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795: Haar geschiedenis en theologie in de negentiende en twintigste eeuw.* Kampen: Kok.

Saussaye, D Chantepie de la 1860. *La crise religieuse en Hollande.* Leiden: De Beuk.

——— 1867. *Het wezen der theologie: Open brief aan den hoogleeraar Hofstede de Groot.* Amsterdam: Tassemeijer.

Scholten, J H datum??? *De leer der Hervormde Kerk in hare grondbeginselen, uit de bronnen voorgesteld en beoordeeld,* 1. 4de druk. Leiden: Engels.

Schott, E 1961. Ritschl. Ritschlianer. *RGG* 5, 1114-1119.

Stam, J J 1951. Van de ethische theologie naar Barth, in Lekkerkerker, A F N *et al* (reds), *Ernst en vrede: Opstellen rondom de ethische theologie aangeboden aan prof dr M van Rhijn,* 32-61. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

Valeton, J J P jr 1877. *De Israëlitische letterkunde als onderdeel der Christelijke theologie.* Groningen: Wolters.

——— 1898. *De veronderstelling der theologie.* Utrecht: Van Druten.

——— 1904. *Ethisch.* Nijmegen: Ten Hoet.

——— 1906. *Het Oude testament en 'de critiek'.* Baarn: Hollandia.

Van Aarde, A G 1995. Kerk en teologie op pad na die derde millennium: Gedagtes oor die kontekstualisering van die dialektiese teologie in 'n plurale samelewing. *HTS* 51, 39-64.

——— 1996a Onderhoud. *Die Hervormer* 88/22, 1 Maart 1996.

——— 1996b. Die belydenis van die opstanding. *Die Hervormer* 89/4, 15 Mei 1996.

——— Sien ook Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Van der Westhuizen, H G. Sien Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Van Grieken, M 1909. *De Ned Herv kerk in haar tegenwoordigen toestand.* 2de druk. Utrecht: Hardenbol.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wildeboer, G [1897] 1886. Het historisch-kritisch onderzoek des Ouden Verbonds en de evolutieleer, in *Karakter en beginselen van het historisch-kritisch onderzoek des Ouden Verbonds*, 54-69. Utrecht: Kemink.

Wildeboer, G 1910. Iets over exegese. *ThT* 44, 437-442.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services